Oordenking
2 Desember 2009

Advent: Kom sing saam met die Engele

Sang en musiek is reeds deel van die viering van Kersfees sedert die geboorte van Christus meer as 200 jaar gelede.

Ons lees in Lukas 2: 8 – 14: *Daar was skaapwagters in daardie omgewing wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het. Meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn. Hulle het baie groot geskrik. Toe sê die engel vir hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap... Vandag is daar vir julle die Verlosser gebore, Christus die Here! En dit is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê." Skielik was daar saam met die engel* ***'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!"***

Engele, wat geen verlossing nodig het nie, loof die Here oor die geboorte van die Verlosser. As die engele so kan jubel oor die geboorte van die Heiland, hoeveel te meer moet ons, arme sondaars, nie sy lof besing nie?

"Eer aan God in die hoogste hemel" het die engele gesing.
Die pasgebore Koning het sy hemelse, koninklike kleed uitgetrek, sy heerlikheid in die hemel agtergelaat en na ons toe gekom om ons te dien - en nie om gedien te word nie. (Fil 2:6-8; Mt 20:28). Eer aan dié God in die hemel wat aan ons die geskenk van sy Seun hier op aarde gegee het!

In die Openbaring wat Johannes op Patmos ontvang het, sien hy engele 'n soortgelyke lied voor die heilige troon van God sing.
"Ek het rondom die troon 'n groot menigte engele gesien. Daar was duisende der duisende, ja, miljoene der miljoene. Ek het hulle hard hoor uitroep: "Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang.".
Al die engele het rondom die troon gestaan. Hulle het toe voor die troon gekniel met hulle gesigte na die grond toe en het God aanbid en gesê: "Amen! Die lof en die heerlikheid, die wysheid, die dank en die eer, die mag en die sterkte behoort aan ons God tot in alle ewigheid. Amen!" (Sien Open 5:11,12; 7:12)

"Eer aan God," sing die engele vir die herders. "Eer aan God" sing ontelbaar baie engele rondom die troon van God.

God het redding na ons wêreld gebring. So het Hy sy heerlikheid bekend gemaak. Dis waarom die engele sing: "Eer aan God in die hoogste hemel!".

Op die eerste Kersfeesnag het die engele die lied gesing, wat hulle nog altyd gesing het – "Eer aan God!"
Ons moet van die engelekoor leer om God ook so te verheerlik.
God se eerste gebod is – Jy mag geen ander gode hê nie" en dit beteken ons moet aan God al die eer bring met ons hele lewe.
Jesus het sy dissipels geleer om te bid: "Laat u Naam geheilig word" en dit doen ons onder andere as ons soos die engele vir God sing: "Eer aan God in die hoogste hemel!" God moet altyd die eerste plek in ons lewens hê!

Wanneer Christus weer kom om sy Verlossingswerk te voltooi, sal alles God eer en Hy alles en in almal wees. Dan sal hierdie magtige refrein oor en oor weerklink en sal almal wat God liefhet tot in ewigheid bly sing: "Eer aan God in die hoogste hemel, want 'n Verlosser is gebore en Hy is Christus, die Here!"